## 79 Die vreugdelied wat engele sing



Die vreugdelied wat engele sing
het die boodskap oor Jesus aan herders gebring.
Die goeie nuus, soos lank reeds voorspel,
het ‘n engel die nag ana die herders vertel.
Immanuel! Immanuel! God kom verlos sy Israel.

Die lied wat al die engele sing,
is die boodskap wat vrede op aarde sal bring.
“Aan God die eer!”, weerklink daar die lied
wat engele juigend vol lof aan Hom bied.
Immanuel! Immanuel! God kom verlos sy Israel.

Die goeie nuus wat engele bring,
is die boodskap wat herders ook wyer laat kring.
Met herders wil ook ons nou getuig
en in dankbaarheid oor ons verlosser bly juig.
Immanuel! Immanuel! God kom verlos sy Israel.